# Wegwyser

**Ewald Frank**

## Voorwoord

As skrywer van hierdie klein brosjure, wil ek u graag met die lees hiervan God se seëninge toewens.

Tot en met 1977 het ek 55 lande besoek in my sendingwerk. Honderde duisende het na die inter-denominasionele vergaderings in kerke, stadsale en openbare sale gekom. Die byeenkomste was deur mense van alle agtergronde en beroepe bygewoon.

Op 2 April, 1962, het ek 'n spesiale ervaring gehad waarop ek nie hier in meer besonderhede kan ingaan nie. Sedertdien het ek 'n direkte innerlike drang gevoel om die evangelie te verkondig. Ek weet dat ek daartoe geroep was.

Mag God toelaat dat hierdie brosjure tot seën vir u sal wees.

Die uitgewer

## Waarvandaan — Waarheen

Enigiemand wat deur 'n vreemde land of 'n onbekende gebied reis, is dankbaar vir wegwysers; dit help hulle om hul bestemming beter en vinniger te bereik. Ons bevind ons in hierdie lewe op 'n wonderlike reis. Nietemin, met of sonder ‘n doelstelling kom die eindbestemming vir almal — die laaste dag. Niemand kan dit ontkom nie. Dit is 'n voordurende kom en gaan. Lewe en dood is ‘n konstante siklus.

So uiteenlopend soos die landskappe en klimaatstoestande is, so verskillend is ons lewens ook. As aardbewoners ondergaan ons verskeie gebeure en ook verrassings. Dit gaan oor die hoogtes en deur die dale, deur vreugde en lyding. Almal word vroeër of later, op die een of ander manier getoets. Die mens ontluik soos 'n blom, dan verdwyn hy. Siektes, sorge, behoeftes en probleme van verskillende aard tree na vore.

Sommige vind die weg na sukses, verkry aansien en rykdom, terwyl ander weer met niks uitgaan; maar niemand kan die skaduweekant van die lewe ontsnap nie. Skielik tref dinge ons wat ons nooit mee rekening gehou het nie. Daar is geen uitsonderings nie. Dit stem ‘n mens tot nadenke om dan te vra: Waarom moet dit of dat so wees? Ons word uit die midde van familie en uit die samelewing dan heen geroep, en laat alles agter — ook die miljoenêr moet gaan soos hy gekom het. Tot dusver het niemand al iets met hulle saam geneem nie. By elke begrafnis ontstaan die vraag opnuut, of alles oor is met die dood en of daar 'n lewe is ná die dood. Indien ja: wanneer, waar en watter omstandighede?

Is geloof in die ewige lewe nie net 'n fantastiese idee van die mistieke of 'n bespiegeling van die vroomes nie? Dit is welbekend dat daar al gevra was, of iemand al teruggekom en kom vertel het daarvan. Sommige is teleurgesteld en verbitterd, wil nie van hierdie dinge hoor nie en glo nie in God of in Sy Woord nie.

Oor die veel-besproke vraag oor wat regtig ná die dood gebeur, gee die Heilige Skrif aan ons 'n bindende antwoord. Die inhoud daarvan bevat nie net die hele omvang van die verlede, die hede en die toekoms nie, maar dit sluit ook die ewigheid in. Dit gee uitsluitsel oor waar ons vandaan kom en ook waarheen ons gaan.

Soos ons ons gedagtes in woorde tot uitdrukking bring, het God Sy gedagtes in Sy onfeilbare woorde tot uitdrukking gebring en aan die mensdom oorgedra. Natuurlik berig die Bybel ook oor menslike foute, maar dit is juis wat ons bemoedig, want ons het immers almal gefouteer.

## God die Skepper

In die skeppingsverslag word God aan ons voorgestel as die Skepper. Die bestaande skeppingwerk, dui op die bestaan van ‘n skepper. Pseudo-wetenskaplikes het veral onlangs probeer om, in hul konflik, die bybel-weergawe van die skepping te weerlê. Maar hul aansprake word soos kaf deur die wind weggewaai. Dit is gebaseer op hipoteses wat spruit uit hul eie idees of dié van ander. Maar dit is algemeen bekend dat welbekende wetenskaplikes kort voor hul dood erken het dat daar 'n God moet wees.

Wie beweer dat alles vanself ontstaan het, wys dat hulle alle logiese denke ontbreek. So 'n bewering is net so onsinnig soos om te beweer dat 'n motor, 'n huis of ander voorwerpe, vanself ontstaan het.

Wie beweer dat alles uit 'n oorspronklike sel ontwikkel het, moet ons vertel wie die oorspronklike sel geskep het en waarom dinge nie vandag vanself ontwikkel nie. Waarom verloop die ganse skepping in die oorspronklike gegewe lyn, sonder afwyking?

Sommige beweer dat die mens afstammelinge van ape is; waarom ontwikkel ape deesdae dan nie tot mense nie? Soms is die teendeel waarskynliker. Wie God en Sy woorde weerspreek sal in innerlike konflik leef. Sielsvrede sal vir hom vreemd bly, want die gewete sal hom altyd aankla.

Kom ons stel ons die heelal voor met sy ontelbare sterre en die geweldige omvang daarvan. Dink net aan die aarde, wat die son met ongekende presiesheid omwentel. Die verskeidenheid diere- en plantlewe is ook bewonderenswaardig. en nie in die minste is die mens self, wat as die kroon van die skepping, die meesterstuk van God, in Sy beeld met unieke intelligensie geskape was. Gee dit alles nie aan ons ‘n vae idee van die oneindige grootheid van die Een wat alles so wonderlik gemaak het nie?

Die menslike kennis en vaardighede waarmee ons toegerus is, moet ons nie so arrogant maak dat ons die Heilige Skrifte moet ondermyn en ontken nie. Paulus, die groot apostel, het geskryf: *“Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword … hulle wat die waarheid van God verruil het vir die leuen en die skepsel vereer en gedien het bo die Skepper wat geprys moet word tot in ewigheid. Amen”* (Rom. 1: 22+25). Sonder enige twyfel prys die majestueuse skeppingswerk sy Meester. *"En God het gesê: Laat die aarde voortbring grasspruitjies, plante wat saad gee en bome wat, volgens hulle soorte, vrugte dra, waarin hulle saad is, op die aarde. En dit was so*”. Ons is daaraan gewoond om elke jaar die oes in te bring, die vrugte van die bome te pluk, en die groente uit die tuin te haal. Het ons al ooit gedink wie sit dit alles saam en wie sorg eintlik vir ons? Wie is dit, wat alles laat groei en voorspoedig maak? Wat sou gebeur het, as daar geen lewenskiem of geen voorsorg vir vermeerdering of voortplanting in die saadkorrels en plante sou gewees het nie? Dan sou daar geen gesaai of geoes kon plaasvind nie. Ons moet toegee dat die Skepper aan alles gedink het en dit op die beste manier georden het. Die mens het die vermoë om verbasende dinge te doen, net die lewe kan hy nie skape nie. Al is dit bv. kunsmatige koring waarvan die stof en samestelling 100% ooreenkom met die natuurlike koring, ontbreek dit egter die lewenskiem. Die lewe is en bly 'n verborgenheid. Dit kan nie ontdek, verduidelik of deurgrond word nie. Dit het sy oorsprong in die een wat die Lewe is en waardeur alle lewe kom.

Dit is oorweldigend hoe die skepping en die skeppingsberig saamstem. Almal moet dit erken. Maar dit lyk, asof hierdie gedagte nie regtig inpas in ons moderne samelewing nie. Die mens het homself op die voorgrond geskuif. Hy dink: omdat alles in oorvloed is, waarom sal ons dan nog bid? Daar word dan eerder verwyte geslinger wanneer rampe voorkom en misoeste. Dan word God beskuldig, ja, deur hulle wie God eintlik nie glo nie.

## Is die goeie tye verby?

Mense het veral in hierdie eeu verander, ongelukkig nie ten goede nie. Die een is ‘n duiwel vir die ander. Natuurlik het ons die styging vanaf die perdekar na ruimtevaart belewe. Die prestasies het ons kapasiteit op alle gebiede oorskry.

Maar die uitvindings is nie net ten goede van die mensdom nie, maar ook tot hul vernietiging. In die twee wêreldoorloë het almal wapens gebruik wat beskikbaar was. Nou is daar atoom-, waterstof- en neutronbomme, die verwoestende gevolge waarvan ons onsself amper nie kan voorstel nie. Sal hulle uiteindelik hierdie wapens gebruik? Ons hoor van vredes- en veiligheidskonferensies. Dit laat ons dink waarom juis hierdie twee terme deur politici gebruik word vandag. Byna 2000 jaar gelede was daar onder die inspirasie van die Heilige Gees die volgende geskryf: *“... want julle weet self baie goed dat die dag van die HERE kom net soos 'n dief in die nag. Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid — dan oorval 'n skielike verderf hulle soos die barensnood 'n swanger vrou, en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie”* (IThess. 5: 2-3).

As die tyd van genade verby is, dan kom die dag van oordeel oor die aarde. Al die veiligheidsmaatreëls wat die Verenigde Nasies ookal kan tref, sal dit nie kan verhoed nie. Die apostel praat net voor hierdie skrifgedeelte van die Wederkoms van Jesus Christus en die Wegraping van die gelowiges vanaf die aarde. Christus gaan Sy eie huistoe neem, voordat die wêreld in vlamme opgaan. Dit kan op enige oomblik gebeur. Ons leef in 'n baie ernstige tyd. Die grootste gebeure sal binnekort plaasvind. Ons sal voortgaan om die vervulling van bybelse profesies in hierdie geslag te ervaar, en daarmee die bevestiging van die Woord van God.

Petrus skryf: *“Maar die dag van die HERE sal kom soos 'n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand”* (IIPet. 3:10). So seker soos dit vooruitgespreek was, sal dit ook gebeur. Die verwoesting van die hele aarde sal skielik kom, veral nou dat hulle sê: ‘Nou is daar vrede en veiligheid, nou het ons dit reg gekry’. Die vrede- en veiligheidskonferensies sal voortgaan en sal ‘skyn-bekroon’ word.

Maar die uur van goddelike toorn oor alle ongeregtigheid en menslike hooghartigheid sal egter onverwags aanbreek.

**Die plan van verlossing**

Nou wil ons ons wend tot die mens en sy verhouding met God. Die kern-probleem spruit uit die val van die mens en hul skeiding vanaf God. Ons sal egter nie bly ophou by hierdie punt nie, omdat die versoening bewerkstellig is. Miskien dink iemand: “Wat het dit met my te doen? Ek het nie myself geskep nie en kan myself dus nie help nie; Ek het nooit God of die duiwel gesien nie. Ek weet nie of die een, óf die ander bestaan nie!”. Baie sê trots: “Ek glo net dit wat ek kan sien. Na my kom die vloed. Geloof is net ‘n manier om die naïewes te vang. Godsdiens is in elk geval opium vir die mense ...”. Dit gaan nie oor sienings nie en ook nie eens oor ‘n godsdiens nie, waarvan daar baie is. God het Homself nie in een van hulle geopenbaar nie. Uiteraard is alle godsdienste uitvindsels van mense, deurdrenk met filosofie. Dit gaan oor veel meer, dit gaan oor ‘n persoonlike Gods-ervaring.

Aan diegene wat volgens die leuse gaan: “Ek glo net wat ek sien”, moet hulself die kinderlike vraag stel: of 'n mens ooit die wind al gesien het. Ons kan sien hoe dit die bome skud en die gevolge daarvan kan soms geweldig, selfs verwoestend wees. So is dit met die Gees van God. Dit is die krag van God wat hier op aarde in hulle wat in Jesus Christus glo, baie kragtig werk. Maar slegs hulle wie die genade van God ervaar, wie in die Gees se besit kom, neem Sy bonatuurlike werke waar.

Wie wil aanhou redeneer en veral slim wil wees daaroor, kan gevra word of iemand al sy verstand gesien het. Indien nie, beteken dit dan dat die gedagte nie bestaan nie? Wie net wil glo wat gesien kan word, beland in ‘n doodloopstraat. Selfs die wysste moet voor die wysheid van God buig. Die HERE sê: *“… salig is die wat nie gesien het nie en tog geglo het*”. Die mens is so geskape dat hy kan kies tussen wat goed is of wat sleg is. Almal kan die lewe of die dood kies. Ons is nie masjiene wat vanaf ’n afstand beheer word nie, maar met 'n vrye wil toegerus; en dit is waar ons verantwoordING inkom. Derhalwe sal elkeen wie dit nie geglo het nie, rekenskap moet gee.

*“En ek het 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie. En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke*” (Openb. 20: 11-12).

Daar is net een manier om die vreeslike oordeel te vermy; dit is om te erken dat Christus ons straf gedra het (Jesaja 53), sodat ons, deur in Hom te glo, vry kan uitgaan. Dit staan geskrywe: “*Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie My Woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe”* (Joh. 5:24). HY het die verlorenes kom soek om hulle tot saligheid te bring. In Christus het God self ons Verlosser geword. In Hom het Hy ons met Homself versoen. Daarom is die eintlike persoonlike geloof in die HERE Jesus Christus noodsaaklik vir verlossing. Net hulle wie die Redder erken en aanvaar, kan gered word. Wie ookal Hom as die Verlosser aanvaar, ontvang verlossing. Alles wat nodig is tot saligheid, is ons s'n, deur God gegee in Jesus Christus.

Dit was die wil van God sedert Adam, dat die mens voortdurend in gemeenskap moes wees met hul Skepper. Ons word nie vertel hoe lank hierdie onverstoorde gemeenskap tussen God en die eerste mense bestaan het nie. Na die sondeval was hulle uit die paradys verjaag en toegang tot die Boom van die Lewe was beskut, (Gen. 3: 20-24). Die mens moes in die sweet van sy aangesig brood eet en vêr van God af leef. Toe die kwaaddoener by die kruisiging uitroep: *“Dink aan my, HERE, wanneer U in u koninkryk kom*”. Het die Verlosser vir hom gesê: *“Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees”* (Luk. 23: 39-43).

Niemand kan dit verhelp om as ‘n sondaar in hierdie wêreld gebore te word nie. Maar elkeen moet die skuld kry as hulle sonder vergewing sterwe. Die HERE wil nie die dood van die sondaar hê nie, maar wil dat hy bekeer en lewe (Esé. 18:23)

## Die grootste triomf!

Christus het nie net gesterf nie, Hy het op die derde dag uit die dode opgestaan. Baie, manne sowel as vrouens tegelyk, onder wie Maria en die apostels, het Hom gesien ná Sy opstanding. Ons word vertel dat Hy tegelyk aan meer as vyfhonderd broeders verskyn het (IKor. 15: 1-10). Sedertdien het duisende Christus in hulle tyd ervaar. Sy opstanding is die absolute oorwinning oor dood, hel en duiwel. HY het gesê: *"Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen. En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood*" (Openb. 1: I7b-18). Slegs diegene wat uit die hart glo, sal dit kan opweeg wat agter dié woorde staan: *"Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe; en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie"* (Joh. 11: 25–26). Die waarborg vir die opstanding van alle seuns en dogters van God is in die opstanding van die Seun van God. Dit is hoekom dit geskryf staan: *"Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word ..."* (IKor. 15: 51-58).

Met die eerste koms van Christus was meer as ‘n honderd profesieë uit die Ou Testament vervul. Sy maagdelike geboorte, Sy lewe, werk en sterfte, Sy begrafnis, opstanding en hemelvaart, het alles gebeur soos dit vooruitgespreek was deur die profete. Dit verloop nou op dieselfde wyse in onse tyd soos dit in bybelse profesieë van die Ou en Nuwe Testamente vooruit gespreek was.

## Wie soek, vind

Miskien is u vertroue geskud. U was dalk deur 'n kerk of ‘n christelike gemeenskap teleurgestel, óf deur mense na wie u opgekyk het. Veral diegene wat die kerkgeskiedenis ken, weet watter gruweldade gepleeg was in die naam van God en die Kerk, en het hulle daaroor geskaam. Hulle kon nie God en die kerklike handelinge versoen nie en het dus die geloof in albei oorboord gegooi.

Maar ter verdediging van die Gemeente van Jesus Christus, moet dit gesê word, die feit dat hulle nooit gemoor het nie, hulle hul nooit aan ander se goedere vergryp het nie en geen onreg gepleeg het nie. Daar was periodes in die kerkgeskiedenis waarin politieke, godsdienstige en ekonomiese mag vanuit Rome uitgeoefen was, maar dit kan nie op God geblameer word nie. Ongelukkig was die weg na Christus in die afgelope eeue belemmer deur hierdie soort ongewenste verwikkelinge. Mense het teleurgesteld afstand gedoen van die saligheid, wat hulle net in verband met die bestaande godsdienstige instellinge gesien het. Daar is egter geen godsdiens, christelik of andersins, wat jou kan red nie. Niemand kan dit ook op hul eie manier doen nie. Almal moet die regte manier vind en bekering persoonlik ervaar. Christus het gesê: *"As iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie"* (Joh. 3:3).

## Beproef alles!

Baie dinge is in die Christendom ingevoer, waarvan daar in die vroeë Christendom geen spoor was nie. Alhoewel ons in 'n tyd van grondliggende klaarheid lewe, gee meeste mense nie om oor geestelike dinge nie. Hoekom dan nie? Die Bybel is in ons taal en elkeen het die geleentheid om dit na te vors. Niemand moet net blindelings glo nie, maar self sien of dit wat geleer en geglo word, goddelike oorsprong het, of dit uit die vroeë Christendom kom. As dit om ons eie saligheid gaan, moet niemand op mense se woorde fokus nie, net op God se Woord. Slegs die suiwer bybelse leringe wys ons die regte weg, nie dogmas wat deur mense ingelei is nie.

Om aan 'n godsdienstige gemeenskap te behoort, sê absoluut niks oor ons verhouding met God nie. Die grootste deel van die mensdom is onwetend in 'n verskriklike dwaling. Vanaf geboorte tot die dood is die massas mislei. Die meeste is net Christene in naam, sonder ‘n verhouding met Christus. Jongmense van Europa gaan op pelgrimstogte deur Indië, skaamteloos geklee, op soek na innerlike vrede. Wat die Christendom nie aan hulle gegee het nie, soek hulle in Hindoeïsme, smagtend na die diepste begeertes van hull siele. Hier en daar mediteer hulle dan voor heiligdomme in die hoop op antwoorde. Maar dit is ook tevergeefs. Dit is in alle mense om 'n hoër wese te aanbid. Maar 'n idee kan nie ‘n verlange

bevredig nie. Wie sal hand uitreik na die jong mense en hulle op die regte weg lei? Word die geloof in skole en universiteite geleidelik ondermyn? Wat het nou oorgebly? — Terreur en rebellie teen die owerhede. Die vrees vir God het verlore gegaan. Dit wat in vorige jare gesaai is, was 'n bose saad, en dus ook die oes. Die enigste help wat ons het, is God.

Die alles-omvattende uitnodiging van die HERE lui: *“Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee”* (Matt. 11: 28-30). Niemand hoef na 'n vêr land op pelgrimstogte te gaan of 'n spesiale plek op te soek om Christus te ontmoet nie. Wie in ‘n kinderlike geloof smeek, sal 'n God-ervaring hê en sal kan sing: “Wat ‘n vreugde is dit om verlos te wees!”.

Wie sonder Christus lewe, sal ook sonder Hom sterwe. Dit kom daarop neer, dat ons genade by God moet vind, en met Sy seëninge hiervandaan vertrek. Niemand moet mislei wees nie. Slegs diegene wat reeds die ewige lewe ontvang het in hierdie lewe, sal dit ná die dood het. Die dood vervoer ons net na die hiernamaals. Die koers word hiér bepaal of ons op of af gaan.

## Terug na die bybelse geloof

Die vroeë Christelike Gemeente was ‘n wegwyser vir baie. Die krag van God was aan die gelowiges geopenbaar. Siek mense was genees, besetenes het vry geword en sondaars het kinders van God geword. Die verkondiging van die Woord het onder die gesag van die Heilige Gees plaasgevind. Duisende was deur die evangelie aangegryp en het hulle lewens aan die HERE gewy.

Solank die Gemeente nie 'n gevestigde christelike instelling was nie, het God se seën daarop gerus en was die getuienis van Christus kragtig. Maar sedert die tyd van Konstantyn, het die sekulêre, politieke en godsdienstige magte in die christendom verenig. Die verkondiging van die goddelike boodskap het verlore gegaan. Wat oorgebly het, was 'n uiterlik-pragtige vorm sonder die aanvanklike geestelike lewe van die vroeëre Christen-gemeente, wat te alle tye langs die universele kerk onherkenbaar daar was. Hulle het, volgens die vroeë christelike patroon, die goeie geloof gehandhaaf en die verkondiging en hul handelinge bybels-gegrond voortgesit.

## ‘n Nuwe begin

‘n Deurslaggewende deurbraak het destyds deur Luther gekom. 'n Nuwe begin was gemaak deur die verkondiging van die boodskap van regverdigmaking deur geloof in Christus. Baie pioniers, tot by Jan Huss, het ‘n marteldood gesterwe. Van daar af was daar geen oponthoud meer nie. Die koninkryk van God het met geweld deurgebreek en die Bybel was in baie tale vertaal. Die Woord van God was alhoe meer vanaf die menslike tradisies en oorlewerings geskei. Oor die hele wêreld het die goddelike vure opgevlam. Herlewingspredikers het prekende deur die lande getrek. Hele gebiede is aangegryp deur die genade en deur die Gees van God. ‘n Goddelike besoeking het begin.

Die dae van die Reformasie, was gevolg deur diepgaande geestelik herlewings, tog altyd buite die bestaande georganiseerde kerke. Die alombekende protestantse gemeenskappe het daaruit voortgekom. Insluitend was die Metodiste, Baptiste, Mennoniete en die ‘Salvation Army’ — kortom, almal wat die evangelie van Jesus Christus tot redding van die siel verkondig het, tot by die pinksterbeweging, wat so beskryf word, want in hulle midde was die geestelike gawes geopenbaar, soos op Pinksterdag. Ongelukkig het die gemeentes wat deur 'n herlewing na vore gekom het, geestelik gebly met een of ander lering, sonder om die volledige evangelie by hul prediking in te sluit. Hieruit is dit duidelik dat daar baie uiteenlopende uitgangspunte uit die Christendom voortgekom het. Maar die betekenis en doel van die Reformasie kan slegs vervul word, wanneer die Gemeente van die HERE tot die oorspronklike stand, soos aan die begin, teruggebring word.

Tensy ons glo en leer soos die apostels, glo en leer ons verkeerd. Die sendingsbevel van Markus 16 kom selde nog tot volle uitwerking. Die geestelike lewe in alle Christelike kringe, het stagnasie ervaar, waaronder ons moes uitkom. ‘n Mens hoor van ekumenisme, oor die charismatiese beweging, van verskillende strome wat opvlam soos 'n flits-vuur en binne 'n kort tydjie uitgeblus word. Ons het tot by die punt gekom dat ons moet let op wat God nou volgens Sy Woord doen.

Die Nuwe-Testamentiese Gemeente hier aan die einde, moet dieselfde wees soos die aan die begin. Wat destyds gebeur het,

moet weer gebeur; dieselfde leringe en dieselfde praktyke moet herstel word. Op alle terreine moet ons tred hou met die vooruitgang en ontwikkeling. Op geestelike gebied het baie langs die weg, op die roete geval. Die Gees van God beur egter nog steeds voorwaarts — die doel, die voltooiing van die Gemeente, is baie naby. ‘n Haastigheid is nodig.

**Die bestaan van Israel — die kenteken**

Die tekens van die tye dui op die einde van ons beskawing. Die Die belangrikste kenteken van die eindtyd is die terugkeer van die volk Israel na die land van hulle vaders. Soos die profete in die ou tyd verkondig het, sal Israel uit al die nasies versamel word aan die einde van die dae. Wat nou gebeur is geen toeval nie, maar 'n duidelike vervulling van die bybelse profesieë. Die Jode het vanuit meer as honderd lande teruggekeer. Wie het hulle dan daar vandaan gelei? Hulle woon al vir baie generasies oor die hele wêreld. Dit was 'n goddelike leiding wat hulle gevolg het.

Israel is sedert Mei, 1948, 'n land met ‘n eie regering. Die uur van God het aangebreek. Die HERE het gesê: *“Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie geslag sal sekerlik nie verbygaan voordat al hierdie dinge gebeur het nie”* (Matt. 24:34). Israel het van ouds af die weg van God verlaat en hul rug gedraai op Sy gebooie. Sedert hulle Christus verwerp het, en die verlossing deur Hom nie aanvaar het nie, was die Jode onderdruk, vervolg en vermoor, tot op die punt dat ses miljoen van hulle op die ergste maniere omgebring is deur die Derde Ryk.

Maar daar is geskrywe: *“Hy wat Israel verstrooi het, sal hom vergader en hom bewaak soos 'n herder sy kudde … En hulle sal kom en op die hoogte van Sion jubel …”* (Jeremia 31).

*“Wees bly saam met Jerusalem en juig oor haar, almal wat haar liefhet! Wees vrolik saam met haar, baie vrolik, almal wat oor haar treurig gewees het!”* (Jes. 66:10). Baie heenwysings uit die Heilige Skrif bied uitsluitsel oor die verwikkelinge wat ons nou ervaar.

Israel sal die brandpunt bly tot aan die einde. Die HERE self sal ingryp en die vyandelike magte verslaan (Esé. 38; Joel 4; Sag. 14). Die hele wêreld sal toegee dat die HERE dinge met Israel doen.

Daar staan geskrywe: *"... en Egipte sal saam met Assirië die HERE dien. In dié dag sal Israel die derde wees naas Egipte en Assirië, 'n seën in die midde van die aarde, omdat die HERE van die leërskare hom geseën het, met die woorde: Geseënd is my volk Egipte en my maaksel Assirië en my erfdeel Israel!*" (Jes. 19: 23-25).

Aanvanklik sal Sirië dit nie begryp dat God goed met hulle bedoel nie, om die ontwil van Israel, en sal eers tot besinning kom wanneer hulle 'n verskriklike slag toegedien word, soos daar geskrywe staan in Jesaja 17, verse: 1-3: *"Godspraak oor Damaskus. Kyk, Damaskus word weggeneem, sodat dit geen stad meer is nie, maar dit sal 'n vervalle puinhoop word. Die stede Ároër sal verlate wees; vir die troppe vee sal hulle wees wat daar sal lê sonder dat iemand hulle skrikmaak. En die vesting sal verdwyn uit Efraim, en die koningskap uit Damaskus; en met die oorblyfsel van Aram sal dit gaan soos met die heerlikheid van die kinders van Israel, spreek die HERE van die leërskare"*.

Ondanks al die onderhandelinge sal daar nie 'n bevredigende oplossing kom nie. Die grense van Israel is al in die Ou Testament vasgelê. Politici moes net die goddelike besluit gerespekteer en dit verwerk het. Die hele probleem sou opgelos gewees het as die Palestyne net as miljoene ontheemdes geklassifiseer sou gewees het, na die tweede wêreldoorlog. Maar dit sou te maklik gewees het. Ons kan verseker wees en weet dat die verloop van gebeure met Israel, die naburige nasies en met die hele wêreld, gaan soos dit geskrywe staan.

Oor hierdie onderwerp, kan talryke bybelgedeeltes opgehaal word, maar dit is nie moontlik om dit nou hier te doen nie. Eers ná die laaste groot stryd sal die HERE Sy koninklike heerskappy inneem: *"En die HERE sal Koning wees oor die hele aarde; in dié dag sal die HERE een wees, en Sy Naam een"* (Sag. 14:9).

## Uiteindelike besluit

Die gedagtes wat kortliks in hierdie brosjure uiteengesit word, is bedoel om u te laat nadink, maar eintlik kan boekevol oor elke onderwerp geskryf word.

Elke mens word aanvanklik in 'n sekere wêreldsiening gebore, maar daarna moet hy op eie verantwoording ‘n besluit neem. Elke ander besluit in die lewe is slegs vir 'n bepaalde tyd belangrik, maar die besluit vir of teen Christus, is vir die ewigheid bestem.

Beste vriende, jonk of oud, u het nou die geleentheid om ‘n nuwe lewe met God te begin. U is nog onder die lewendes; miskien is dit juis sodat u die weg na saligheid gewys kan word. U sal nie tot rus kom voordat u in God rus nie. Neem dit ernstig op, neem vandag jou besluit vir Jesus Christus!

Mag die seën van die Almagtige God met u wees.

Gelewer in opdrag van God.

Br. Frank

Ons sien met vreugde uit om van u te hoor. Miskien ken u mense aan wie u hierdie brosjure wil gee. Ons stuur graag eksemplare wat u gratis kan versprei.

Indien u belangstel om oor ander onderwerpe te lees, of na dit te luister, kan ons die radiopreke van vorige jare aan u stuur.

Ons is tot u beskikking, indien u bybel-vrae, probleme of spesiale gebedsversoeke het:

In Engels of Duits: ………. volksmission@gmx.de
Telefoon: +49-2151/545151

Internasionale tuisblad: …. http://www.freie-volksmission.de

Die besonderhede van gelowiges in of naby u stad of omgewing, met wie u kontak kan maak, word hieronder aangedui:

Afrikaans: ......................... +27-73-631-7762 (Pretoria)
+27-82-878-2765 (Kaapstad)
+27-84-242-7785 (Jo’burg)

English: ............................ +27-76-112-2702 (Cape Town)
+27-78-760-1312 (Jo’burg)

Zulu: ................................ +27-83-925-3156 (KZN)

Xhosa: .............................. +27-61-469-6007 (E/Cape)
+27-83-208-6500 (Jo’burg)

Shona: .............................. +27-81-714-4053 (Pretoria)

Sotho & Other: …………... +27-83-748-4736 (Jo’burg)

Leesstof in Afrikaans en in verskeie internasionale tale,
ook bekombaar by: http://www.misia.sk